The following pupils have successfully completed their pupillage and have joined the Bar: J G Gilliland; M D J Steenkamp; P R Cronjé; M Maritz; N Snellenberg; K Pretorius.

Nuwe Balieraad

Tydens die algemene jaarvergadering is 'n nuwe Balieraad, bestaande uit die volgende lede, verkies:
A F Jordaan SC (voorsitter); J Lubbe SC, C H G van der Merwe SC (senior lede); P B Geldenhuys, A J R van Rhyn en I Schoeman (junior lede).

Social news

Several social functions were held during the year, including the memorable annual "Meul Train" trip, but no one's consent could be obtained to publicise any particulars of what happened at such functions. It is doubtful whether publication of any of the relevant facts could be justified by the principle of public interest.

One aspect worth mentioning is the fact that Hans de Bruyn SC took second place in the Bloemfontein Club Snooker Championship.

Memoriam

Op 26 Julie 1997 is Herman Loubser, 'n geliefde lid van hierdie Balie na 'n lang siekte oorlede.

Gedurende die afgelope tyd het twee hoogs gerespekteerde oud-lede van die Vereniging ons ontval, naamlik oud-appèlregters J N C de Villiers en M T Steyn. Beide oud-appèlregters was ook voorsitters van die Vereniging van die Bloemfonteinse Balie, wat hom vereenselwig met die huldeblyke wat gelewer is. Die huldeblyk ter nagedagtenis aan wyle appèlregter Marthinus Theunis Steyn is op Donderdag 23 April 1998 in die Hooggeregshof, Bloemfontein gehou.

Huldeblyke aan De Villiers AR en Steyn AR is in *Consultus* gepubliseer (vgl 1998 Mei *Consultus* 32 en bl 116 van hierdie uitgawe).

Noord-Kaap

bygedra deur J B Erasmus
Kimberley

Regbank

Die vakature gelaat op die Noord-Kaapse regbank deur die aftrede van regter Basson in Februarie 1998 is nog nie gevul nie. Die gevolg daarvan is dat daar op 'n deurlopende basis waarnemende regters in die Noord-Kaapse Afdeling aangestel is. Die volgende waarnemende regters het gedurende die afgelope tyd opgetree:

Sithole SC van Pretoria (1 Mei tot 15 Julie 1998); Rabie SC van Pretoria (13 tot 30 April 1998); Jordaan SC (2 Maart tot 30 April 1998 en 6-7 Augustus 1998); Alkema SC van Durban (7 tot 27 Maart 1998); Van Niekerk van Kimberley (1 tot 6 Maart1998); Horn, 'n prokureur van Kimberley (20 Julie tot 28 Augustus 1998); Lacock SC van Kimberley (5 tot 8 Februarie 1998) en Kgomo van Mmabatho (31 Augustus tot 27 September 1998).

Jan Basson Gedenkbiblioteek

Regter Basson, wat in Februarie 1998 afgetree het, het 'n besondere groot geskenk aan die Kimberley Balie gegee. Hy het naamlik sy hele biblioteek, wat hy oor baie jare opgebou het, aan die Balie geskenk. Hierdie biblioteek bestaan uit 'n unieke versameling van boeke van onskatbare waarde. Dit bestaan onder andere uit 'n groot versameling poefskrifte, asook talle ou publikasies oor die Romeinse en Romeins-Hollandse reg. Die Balie se "common room" is ingerig as biblioteek en is nou ook vernoem na regter Basson. Ter inwyding van die biblioteek is 'n skemerkelkonthaal in die nuwe "Jan Basson Gedenkbiblioteek" gehou. Al die lede van die Balie asook die meeste regters van die afdeling het die gesellige byeenkoms bygewoon. Tydens die geleentheid het Lacock SC, leier van die Kimberley Balie, sy dank en waardering uitgespreek teenoor regter Basson vir die besondere gebaar. Waardering is ook uitgespreek vir regter Basson se volgehoue belangstelling in en ondersteuning van die Kimberley Balie. Regter Basson se reaksie hierop was dat Kimberley Balie, waarvan hyself vir geruime tyd 'n lid was, hom baie na aan die hart lê en dat hy aan geen beter opsie kon dink as juis om sy waardevolle biblioteek aan die Balie te skenk nie. Die Kimberley Balie is voorwaar trots op sy "Jan Basson Gedenkbiblioteek". >

Inwyding van die Jan Basson Gedenkbiblioteek

Van links na regs: Lacock SC, leier van die Kimberley Balie, regter Basson en regter-president Kriek. Die boek waarmee regter Basson op sy skoot sit, is die 1834-uitgawe van Johannes Voet se Commentarius ad Pandectas.

Lede

Die Kimberley Balie is tot in sy fondamente geskud deur die tragiese dood van een van ons lede, Carl Luwes, op 28 Junie 1998. Ons eer sy nagedagtenis.

Sosiale nuus

Seker een van die belangrikste hoogtepunte op die sosiale kalender van die Balie, die jaarlikse Baliejag, het die naweek van 9 Mei plaasgevind. Soos verlede jaar, het die jagters die naweek in die hart van die Kalahari deurgebring. Ten spyte van 'n baie druk program vir die naweek, kon daar darem 'n tydjie afgeknyp word om te jag ook. Almal het ook sukses in die jagveld behaal. Reeds teen die Vrydagmiddag al het die Kalahari se springbokke geleer dat jy nie stry met Van Niekerk se 7mm Magnum nie, toe hy 'n groot springbokram geskiet het dat dit lyk of sy horings verlep het.

Op sportgebied het Schreuder weer die Balie se naam hoog gehou deur sy tweede Comrades wedloop te voltooi, hierdie keer in 'n baie beter tyd as die vorige jaar.

Regstelling

Dit spyt ons dat daar verkeerdelik in die opskrif by die foto op bl. 11 van die Mei-uitgawe die indruk gewek is dat regter Kriek uitgetree het. Die foto verwys inderwaarheid na 'n funksie ter ere van regter-president Kriek se 25 jaar op die regbank.

Pretoria

contributed by Bill Prinsloo SC
Pretoria

Acting appointments

Since the last edition appeared the following members of the Pretoria Bar held acting appointments:

Transvaal Provincial Division

B C Van den Heever SC; FJ Jooste SC; M M Jansen SC; J J Goodey SC; E Jordaan SC; A de Vos SC

Venda High Court

F J Jooste SC; N J Coetzee SC; F G Preller SC; M N Sithole SC

Nuwe lede en pupille

Die lidmaatskap van die Pretoriase Balie staan tans op 354 wat 14 geassosieerde lede en drie ere-lede insluit.

In Julie 1998 het 26 nuwe pupille met hulle opleiding begin. Soos reeds in 'n vorige uitgawe berig, kwyt die opleidingskomitee hulle uitstekend van hulle taak en word die opleidingsprogram voortdurend uitgebrei en verfyn. Die plan is ook om met ingang 1999 die eksamens af te handel teen die vierde maand sodat die vyfde maand van die reeds verlengde pupilskap gewy kan word aan praktiese opleiding soos werkswinkels en skynhowe. Oorweging word ook geskenk aan die aanstelling van 'n voltydse beampte om die werksaamhede van die opleidingskomitee te help koördineer.

Accommodation

As reported in an earlier edition, new floors had to be opened in the Momentum Building because of the remarkable growth in membership. At a recent cocktail party the newly refurbished and deco-

New silks hosting their cocktail party. From left to right: James Goodey SC, Eben Jordaan SC, Mabel Jansen SC and Johan Ströh SC.



The new 8th floor which has also been described as the "rainbow floor": Paul Barnard (seen here with his wife) chose red.